**<u>Aanddiens</u>**: 15 Maart 2026
**<u>Leraar:</u>** Johann Herbst
**<u>Tema</u>**: Lei soos Paulus

**Paulus se lewe voor bekering**

Saulus van Tarsus was: 'n Jood uit Tarsus, 'n Fariseër, Opgelei onder Gamaliël (Hand. 22:3), Ywerig vir die wet (Fil. 3:5–6), 'n Vervolger van die kerk (Hand. 8:1–3; 9:1–2; Gal. 1:13–14).

Hy beskryf self sy vroeë lewe in Galasiërs 1:13–14.
Hy het gedink hy dien God, maar in werklikheid het hy teen Christus geveg.

**Gamaliël** (Hand. 5:33-39; 22:3), onder wie Paulus geleer het, was: 'n Fariseër, 'n Wetgeleerde, 'n Lid van die Sanhedrin, 'n Gerespekteerde leermeester in Jerusalem.

Paulus sê self hy is "aan die voete van Gamaliël" opgevoed (Hand. 22:3).

**Handelinge 5:33–39:** Hier tree Gamaliël op in 'n vergadering.
**Handelinge 9:1–7:** Paulus se vervolgingswerk en sy bekering.

**Paulus as dienaar in die kerk van Antiochië**

Tydlyn: Bekering → Arabië/Damaskus (3 jaar) → Jerusalem → Tarsus/Sirië-Silisië → Antiochië → Uitgestuur → Eerste sendingreis (±12 jaar ná bekering) → ±14 jaar ná bekering → Jerusalem (Hand. 15).

Antiochië speel 'n sleutelrol (Hand. 11:19–26).
Barnabas gaan soek hom en bring hom na Antiochië (Hand. 11:25–26).
Hy dien daar vir 'n jaar saam met ander leiers (**Hand. 13:1-3**).

**Belangrike momente:** Hy dien binne 'n span. Die Heilige Gees spreek in die konteks van die gemeente (Hand. 13:2). Die gemeente stuur hom uit (Hand. 13:3). Hy keer terug en rapporteer (Hand. 14:26–28). Hy bly onder verantwoordbaarheid (**Hand. 15:1–4**; 15:30–35).

Selfs in konflik (**Gal. 2:11–14**) funksioneer hy binne 'n gemeentelike konteks.

Tussen 12 en 14 jaar ná sy bekering het hy op sy eerste sendingreis gegaan.

Bykomende Skrifverwysings: **1 Tessalonisense 5:12–13, Romeine 13:1–3**

**Paulus se liefde en leiding aan Filemon**

**Paulus se beginsels in sy brief aan Filemon**

**1. Bevestig identiteit (Filem. 4–7)**

Paulus begin deur Filemon se liefde en geloof te erken en te wys hoe ander daardeur verkwik is. Hy lê 'n fondasie: "Ek weet wie jy is." Paulus glo in hom. Hy glo die beste van hom.

**2. Liefde bo gesag (Filem. 8-9)**

Al het Paulus apostoliese gesag, kies hy om te versoek eerder as om te beveel.

**3. Versoening is uiters belangrik (Filem. 10–12; 18–19)**

Paulus tree namens Onesimus op en neem verantwoordelikheid vir sy skuld om versoening te bewerk. God het ons met Homself versoen; daarom moet ons ook met mekaar versoen.

**4. Maak jou versoek op grond van verhouding (Filem. 16-17)**

Hy beroep hom op hulle vennootskap en gedeelde geloof wanneer hy konfronteer.

**5. Vertroue en die voordeel van die twyfel (Filem. 21)**

Paulus verklaar sy vertroue dat Filemon selfs meer sal doen as wat gevra word.

**6. Eer en respek (Filem. 14)**

Hy wil niks doen sonder Filemon se toestemming nie.

**7. Almal is belangrik (Filem. 23–24)**

Hy noem medewerkers by naam en stuur persoonlike groete.

**Beginsels vir jou van Paulus se Leierskap**

**Beginsel 1: Onderwerp jou aan leierskap**

Paulus het ongeveer 14 jaar onder gesag gefunksioneer voordat hy erken is as apostel. Hy was verantwoordbaar. Onderdanigheid is 'n keuse. Ware gesag vloei uit onderdanigheid.

**Beginsel 2: Maak goeie aannames**

As jy aannames maak, maak goeie aannames.
Glo in iemand en bevestig hulle identiteit.

**Beginsel 3: Liefde bo gesag**

Hy het die gesag gehad om te sê wat moet gebeur, maar hy verkies om in liefde te vra.

**Beginsel 4: Versoening is 'n prioriteit**

Versoening is sentraal tot die evangelie.

**Beginsel 5: Konfronteer uit verhouding**

Nie vanuit afstand of mag nie, maar vanuit verbintenis.

**Beginsel 6: Toon die hoogste respek vir jou span**

Eer en ag die mense wat saam met jou werk.

**Beginsel 7: Elke mens dra waarde**

Leer mense se name ken. Elke persoon tel.